# HULP AAN DIE HAWELOSES

(Gretha le Roux)
(018) 290 1802

Ek is die afgelope paar maande betrokke by die verspreiding van kos, klere en goedere vir die hawelose mense van Lochvaal se Deurgangshuis, waarvan u in die April-uitgawe van *"Goeie Nuus"* gelees het. Die werk het my soveel bevrediging verskaf en 'n diep begeerte in my hart laat ontstaan om ook plaaslik by so 'n projek betrokke te raak. Ongelukkig is hier nie so 'n plek nie en het dit 'n droom gebly. Die droom het egter al hoe sterker geword en ek het my gaan afsonder om die wil van die Here te wete te kom - of dit my droom of Sy droom is. Hy het my verstommende antwoorde gegee uit Sy Woord en bevestig dat dit Sy wil is en dat Hy my oproep om in gehoorsaamheid so 'n plek te begin.
Miskien het die Here ook lankal so 'n begeerte op u hart gelê en daarom nooi ek u om saam met ons betrokke te raak in hierdie groot saak. Ons doel is om mense wat werkloos is of deur omstandighede in diepe nood verkeer, van tydelike huisvesting te voorsien, hulle met die Evangelie te bereik, hulle menswaardigheid op te bou en waar nodig, berading en bevryding te bied en hulle as nuutgemaakte mense weer terug te plaas in die samelewing. Waar moontlik wil ons hulle help om weer 'n betrekking te bekom.
Dit gaan geen vakansieplek vir leeglêers wees nie, en die inwoners sal bereid moet wees om enige soort werk te doen en waar moontlik, in hulle eie behoeftes te voorsien.
Ons het reeds 'n geskikte terrein op 'n plaas 15 km buite Potchefstroom. Daar is sterk water, 'n dam met besproeiingsgeriewe vir tuinmaak, en ook elektrisiteit.
Om mee te begin, benodig ons die volgende items teen 'n bekostigbare prys: 'n stoor, houthuis, afdak of enige verskuifbare gebou om ons toerusting op die terrein te stoor, asook 'n 5 000 liter watertenk met staander en elektriese kabel. Enige oorskiet boumateriaal sal baie welkom wees.

**Kontak Gretha le Roux by (018) 290 1802.**

Ps. 22:3 "*Doen reg aan die SWAKKE en die WEES; gee aan die ELLENDIGE en die ARME sy reg. Red die SWAKKE en BEHOEFTIGE. Bevry hulle... Hulle weet nie en verstaan nie; hulle loop rond in die duisternis.*"



*Dankbaarheid by die ontvangs van voedsel en klere by Lochvaal*